
## Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend
## Oktober 2011

# Soek jy om in God se teenwoordigheid te kom en in Sy glorie te bly?





**Is dit die stilte van die huisie in die bos , die berge en viswaters of op die rotse sit en kyk hoe die see teen die rotse klots wat jou laat voel of jy God se teenwoordigheid beleef en naby Hom is?** Maar om in Sy glorie te **bly** is 'n ander saak! Stap saam met my deur die soek en vind daarvan die maand: **"I dared to call Him Father"** is die ware en fasinerende verhaal van **Bilquis Sheikh**, 'n prominente Moslem vrou in Suid Asië wie na 'n paar vreemde drome op soek gaan na die ware God. Haar reis om haarself ten volle oor te gee aan God en Jesus as verlosser aan te neem is merkwaardig! Wat ernstig tot my gespreek het is haar konstante soeke na God se nabyheid en teenwoordigheid en haar introspeksie wanneer sy daarbuite beweeg en nie Sy glorie ervaar nie! Ons as Christene kla soms dat ons nie God se stem hoor nie, maar soek ons werklik Sy teenwoordigheid ("presence")? Bilquis stel dit so: **"There were times when I was in the Presence and experienced that deep sense of joy and peace, and there were times wen I lost the sense of His Presence"** Ervaar jy dit ook? Hoe kan ons dit verander?



**1.God ontmoet jou in Sy Woord:** Ek haal graag aan uit die boek waar Bilquis pas tot bekering gekom het: **"As I drew a little closer to God, I found myself hungering even more for His Word through the Bible. The Bible came alive for me, illuminating my day, shedding its light on every step I would take."** Is die Bybel nog lewendig vir jou en verlig die Bybel nog daagliks jou dag? Maak weer erns met jou stiltetyd- God wil met jou praat deur die Bybel. **2. Wees gehoorsaam aan God:** In die boek gaan Bilquis aan deur te sê: **"Part of the key to staying in His company was obedience.When I obeyed, then I was allowed to remain in His Presence."** Dit lees ons in Johannes 14:21 **"Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê *en My aan hom openbaar*.** :23 **As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en *Ons sal na hom toe kom en by hom woon*."** Hierdie totale gehoorsaamheid beteken om volkome oor te gee aan Jesus. Elkeen moet biddend by die Here gaan hoor waar ons God se opdragte nie uitvoer nie. Dit kan van jou vra dat iemand vergewe moet word of vrygespreek word! **3.Goeie nuus: Jy het 'n Helper ! :** In Joh 14:26 lees ons: "**en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."** :Jesus gee vir elkeen wie Hom aanneem die Heilige Gees, Wie jou lei en leer en selfs vir jou intree en bid by God as jy nie meer weet hoe nie! Dis daarom so belangrik om die Heilige Gees nie te bedroef nie(Efesiers 4:30) **4. "Bag lunch or Banquet?"** Ek lees hierdie uit Bob Gass se pen:Jy kan by die Mc Donald's "drive through" 'n kits-ete in 'n bruinpapiersak kry of jy kan die aand spandeer in 'n deftige restaurant. Daar sal jy aansit, elke happie van die keurig voorbereide maaltyd, sowel as die geselskap geniet en versadig en verkwik daar uitstap!Die keuse is joune of jy "fast food" of "banquet" tyd met God spandeer! Ons maak mos almal tyd vir die dinge wat ons belangrik ag! Lees in 1 Kronieke 16:11 "**Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid"** Jy is so naby aan God soos wat jy kies…



**Die beste deel is dat as ons God vra om ons te help om in Sy teenwoordigheid te bly Hy dit sal doen - maar ons moet gelowig bid!!**
**Jakobus 1:6 "Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word."** **Geniet die warmte, vreugde en vrede van God se nabye teenwoordigheid en glorie elke dag!**



**Dankie vir elkeen se insette in die Kaapse bediening; hetsy gebed, finansies, ondersteuning of omgee, ons waardeer dit ! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag.**
**Celeste Steinmann 082 322 5299**